# Les 19 KONINGSKINDERS: DIE HERE WYS DAT Hý BESLUIT VIR WIE HY GOED IS EN VIR WIE HY SLEG IS, NIE DIE FARAO NIE

## 1. Praat help niks nie.

Die Here het vir koning Farao gesê dat hy moet luister as die Here met hom praat. Die koning moet Sy kinders uitlos sodat hulle kan wegtrek. Elke keer as die Farao nie geluister het nie, het die Here hom met 'n teken gewaarsku. Dit was die Here se manier om vir die Farao te wys hy moet luister as die Here met hom praat. Elke teken was 'n waarskuwing dat die koning na die Here moet luister.

Wat was die vier tekens wat die Here die koning mee gewaarsku het?

Eerste teken: die Here het die water van die Nyl in bloed verander. Tweede teken: die Here het hulle gepla met paddas. Derde teken: die Here het hulle gepla met muggies. Vierde teken: die Here het hulle gepla met steekvlieë.

As een van jou maats jou pla, wat doen jy? Eers sê jy hy moet ophou. As hy nie ophou nie, dan waarsku jy hom. Ons manier van waarsku is om vir iemand met jou vinger te wys. Kan julle onthou wat die Egiptiese towenaars vir die koning gesê het toe die muggies gemaak het dat al die gode nie wakkergemaak kan word nie? Kyk weer na Exodus 8 vers 19! *"19 Toe sê die towenaars vir die farao: "Dit is die vinger van God!"* Die Here se tekens was Sy manier om met Sy vinger te waarsku.

Hoeveel keer moet 'n mens iemand waarsku as hy nie wil luister nie? As een van jou maats jou pla, wat doen jy? Jy waarsku hom en wys vir hom met jou wysvinger dat hy moet ophou! Hoeveel keer waarsku jy een van jou maats as hulle aanhou om jou te pla? Gewoonlik so drie keer. As hulle na drie keer nie luister nie, dan weet jy dit gaan nie help om net met hulle te praat nie. Hulle luister nie as jy praat nie. Hulle luister ook nie as jy hulle waarsku nie. Dan moet jy ophou praat en iets begin dóén om hulle te laat luister.

Lyk dit vir julle of hierdie koning na die Here gaan luister as die Here aanhou om vir hom te sê hy moet Sy kinders uitlos? Lyk dit vir julle asof hierdie koning verander as die Here hom met tekens wys Hy moet luister na die Here, hy moet ophou om te maak asof hy sélf die Here is?

Nee, hy gaan nie ophou om ongehoorsaam te wees aan die Here nie. Hy hou aan om te glo hý is eintlik die Here en hy kan maak soos hy wil. Almal moet altyd maak soos hý sê! Hy luister na niks en niemand nie!

## 2. Klaar gepraat

Wat doen die Here nou? Nou kom die Here en sê Hy praat nog net één keer, en dan is dit klaar. Hy gaan nie meer met tekens waarsku nie. Hy is klaar gepraat en met tekens wys Farao moet gehoorsaam wees. Die Here sê Hy sê nog net één keer, dan is dit klaar gepraat.

*"Daarna het die Here vir Moses gesê: "Gaan sê vir die farao: So sê die Here die God van die Hebreërs: Laat my volk gaan om My te dien. 2 As jy weier om hulle te laat gaan en hulle*

*bly vashou,* [3]*sal die Here sy mag toon met ’n baie swaar pes onder al jou vee in die veld: perde, donkies, kamele, beeste en kleinvee.* [4]*Die Here sal onderskeid maak tussen die vee van Israel en dié van Egipte: daar sal nie ’n enkele stuk vee van die Israeliete vrek nie.”* [5]*Die Here het ’n tyd vasgestel en Hy het gesê Hy sal dit die volgende dag in Egipte laat gebeur.* [6]*Die volgende dag doen Hy dit toe ook, en al die vee van Egipte is dood, maar van die vee van die Israeliete is daar nie een dood nie.* [7]*Die farao het navraag gedoen en jou werklik waar, nie ’n enkele stuk van die Israeliete se vee is dood nie.Tog was die farao steeds onversetlik: hy het die volk nie laat gaan nie.”* Exodus 9

Kan julle sien hoe sê die Here Hy het klaar gepraat? Kyk na hierdie sin: *“*[2]*As jy weier om hulle te laat gaan en hulle bly vashou,* [3]*sal die Here sy mag toon.”* Die Here gaan nou Sy mag toon. Wat doen jy as een van jou maats nie ophou om jou te pla nie, en hy luister nie na jou waarskuwings nie? Dan maak jy hom seer!

Hierdie seermaak word straf genoem. Jy maak hom seer sodat hy moet luister. Die Bybel noem dit straf. Straf is wanneer die Here iemand seermaak sodat hy doen wat die Here sê.

Wat wys jy vir jou maat as jy hom seermaak as hy nie luister nie en jou aanhou pla? Jy wys hom dat jy sterk is. Jy wys hom dat jy kan doen wat jy sê. Daarom moet hy luister as jy praat en waarsku.

Dit is wat die Here nou vir die Farao sê. Die Here gaan nou wys dat Hy sterk is en kan doen wat Hy sê. Die Here gaan wys dat as Hy praat moet die koning luister, anders gaan hy seerkry.

**3. Die Here vat al hulle besittings weg**

Die Here laat al hulle vee doodgaan met ’n pes. ’n Pes is ’n siekte wat diere kry amper soos ons griep kry, maar hulle gaan dood van hierdie siekte. Kyk ’n bietjie watter diere gaan dood: perde, donkies, kamele, beeste en kleinvee.

Hierdie is nie maar sommer troeteldiere nie. Hulle het nie maar net perde vir perdry aangehou nie. Hulle het ook nie sommer kameelgery vir die pret nie. Elke dier was baie nodig gewees en elke dier het vir hulle gehelp om elke dag te kan eet en klere te kan aantrek.

**Kos en klere**

Beeste en kleinvee was hulle kos en klere. Daar was nie iets soos yskaste of vrieskaste nie. Daar was ook nie iets soos klerewinkels nie. Daar was ook nie iets soos materiaalwinkels nie. Daarom moes hulle saam met beeste, bokke en skape lewe. As jy melk wou hê, moes jy ’n koei gaan melk en dit dadelik drink. As jy vleis wou hê, moes jy ’n skaap of bok slag, en dit dadelik eet. Die velle van beeste, bokke, en skape het hulle gebruik om klere en skoene van te maak.

Wanneer die Here nou hierdie diere laat doodgaan, dan is daar dadelik nie meer kos en klere nie. Onthou, daar is nie winkels nie, hulle moet elke dag van die diere slag of hulle wol gebruik.

Kan julle dink hoe sal dit wees as daar skielik in geen winkel meer kos is nie! Ons gaan dadelik honger en bang wees.

**Bote en vliegtuie**

As daar nie meer kos in die winkels is nie, dan kan ons dit mos met skepe en vliegtuie van oorsee af hiernatoe bring! Maar onthou, hulle het nie skepe en vliegtuie gehad nie.

Wat het hulle gebruik om van ver af kos en klere na hulle land toe te bring? Kamele! Die kamele kon sonder water deur al die woestyne loop en baie groot vragte kos en klere op hulle rug dra. Maar – ook al die kamele het van die pes gevrek.

Kan julle dink wat sal gebeur as ons nie meer een vliegtuig of een skip het wat enigiets van ander lande na ons toe kan bring nie? Hulle kamele was vir hulle hul vliegtuie en skepe wat alles van ver af moes inbring na hulle land toe.

**Vragmotors en karre**

Hulle het nie vragmotors of karre gehad nie. Hulle het op donkies gery en die donkies was ook die pakdiere waarmee hulle alles heen en weer gery het.

As al hulle donkies dood is, beteken dit hulle kan niks heen en weer ry nie, en hulle kan self ook nie rondry nie. Alles gaan staan.

**Tenks en pantserkarre**

Perde was die diere waarmee hulle oorlog gemaak het. Hierdie perde moes strydwaens trek. Dit is sulke ystersleepwaens waarop die mense gestaan het wat oorlog gemaak het. Dit was hulle tenks. Perde was die diere waarop die soldate gery het na die plek toe waar hulle gaan oorlog maak het. Ons gebruik vandag pantserkarre daarvoor.

Toe al die perde van die pes vrek, toe kan hulle soldate hulle nie meer beskerm teen al die ander lande se soldate nie. Dit is soos wanneer ons vandag al ons tenks en pantserkarre in die weermag verloor.

Wat doen die Here met die koning?

Die Here praat nie meer nie, en die Here waarsku ook nie meer nie. Die Here maak nou die koning seer. Hy vat al die kos en klere weg. Die Here vat al hulle vervoer weg waarmee hulle kos en klere van ander lande kon kry. Die Here vat al die vervoer waarmee hulle nog kos tussen hulle dorpe kon heen en weer ry, weg en die Here maak dat hulle hele weermag, met al die soldate, nie meer hulle werk kan doen nie.

Die Here vat al die mag weg waarmee die koning en sy mense Sy kinders vashou en boelie. Hy maak hulle swak, honger en bang.

**4. Die Here straf nie Sy kinders nie**

Wat is die eerste ding wat die Farao doen? Hy gaan kyk wat het in die gedeelte van die land gebeur waar die Israeliete bly. Daar het nie één dier van die pes gevrek nie. Daar het die Israeliete kos en klere, kan hulle rondry en het hulle donkies wat alles heen en weer kan beweeg.

Binne-in die land waar die Farao glo hý alle mag het, almal kan versorg en beskerm van wie hy hou, en almal kan seermaak van wie hy nié hou nie, het die Here hom en sy mense seergemaak, maar Sy kinders nie seergemaak nie.

Wat moes die Farao nou geweet het?

Nou moes hy geweet het dat die Here doen wat Hy sê, en mense moet doen wat die Here vir hulle sê. Dit is nie maar so dat die Here net praat en praat en praat en niks verder doen nie. Die Here praat en waarsku, maar dan is dit klaar gepraat. Dan straf die Here.

**5. Ongelowiges luister nie na die Here nie, al straf Hy hulle**

Kyk wat doen die koning! Die hele land is sonder kos en het nie meer materiaal vir klere nie. Die hele land staan sonder vervoer. Die hele land is afgesny van al die ander lande se hulp. Die weermag se soldate is honger en kan nie beweeg nie.

Maar die koning wil nog steeds nie luister na die Here nie. Hy wil nog steeds wys dat hy groter en sterker is as die Here.

Dit is hoe mense maak wat nie in die Here glo nie. Maak nie saak hoe seer die Here hulle maak vir hulle ongehoorsaamheid nie, hulle sal nog steeds aanhou om nie te luister nie, net om te wys hulle is groter en sterker as die Here.

**6. Die Here besluit vandag nog met ongelowige mense: dis nou kláár gepraat**

Hoe dink julle maak die Here vandag met al die konings en mense in die wêreld? Dink julle dit kan só werk dat die Here net praat en praat en praat – en net waarsku en waarsku en waarsku, maar nooit iets verder doen nie?

Nee. Die Here besluit nog steeds elke dag met baie konings en mense: dit is nou kláár gepraat en gewaarsku. As die Here besluit dis klaar gepraat, dan straf Hy konings en mense wat dink hulle kan maar net aanhou en aanhou en aanhou om nie na die Here te luister nie.

Kyk wat gebeur in Zimbabwe! Dink julle die Here is in Zimbabwe nog net besig om te praat en te waarsku? Nee. Hy straf hulle en hulle president. Daar is nie meer kos, medisyne of klere nie. Hulle geld is niks werd nie en hulle soldate kan nêrens heen gaan nie, want daar is nie petrol nie.

Gesinne wat goddeloos leef word ook deur die Here gestraf. Die Here praat en waarsku dat die pa's nie moet drink nie. Hulle luister nie. En dan straf die Here. Dan is daar nie kos nie, en nie geld vir klere of medisyne nie. Dan vat die Here alles weg wat Hy vir gesinne gee om van te leef.

Die Here is nou besig om dit met al die geldgierige mense in die wêreld te doen. Die Here het gepraat en gepraat en gewaarsku en gewaarsku: mense moet werk vir hulle geld en spaar. Maar mense het al minder gewerk en al meer geld uitgegee. En toe? Toe is dit klaar gepraat. Toe laat die Here 'n resessie kom! Dit beteken dat die Here skielik al die geld niks werd laat word het, en niemand, nie eens die grootste lande of die rykste banke, kan maak asof hulle baie geld het nie. Want hulle wou nie luister toe die Here gesê het hulle moet werk vir hulle geld nie.

**7. Opdrag**

Gaan vra vir Pa en Ma, of enige grootmens: Werk dit so dat die Here net praat en praat en waarsku en waarsku, en almal kan maar net aanhou ongehoorsaam wees? Dan vertel julle vir hulle wat het met die pes onder die vee van Egipte gebeur.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

__________________________________

Handtekening: ouer of voog